GRAANMARK

DIS HOEKOM MIELIES NIE R3 000/TON IS NIE

MIELIEPRYSE verhandel tans teen sowat R2 500 per ton, terwyl invoerpariteit vir mielies gelewer by Randfontein nader aan R3 000 per ton is. Baie boere vra nou waarom Safex-pryse nie in die tekortjaar, waarin mielie-invoer al begin het om in 'n verwagte tekort te voorsien, eerder nader aan R3 000/ton is nie.

Mnr. Wessel Lemmer, ekonoom van Graan SA, verduidelik: "Huidige pryse weerspieël invoerpariteit aan die kusmark (die hawens in Kaapstad, Port Elizabeth en Durban) vir mielies, wat tans deur goedkoper invoer aangevul kan word. As ons invoerbehoefte 900 000 ton oorskry, kan verwag word dat pryse mettertyd nader aan invoerpariteitvlakke vir die binneland kan styg.

"Terwyl invoer in die verlede gewoonlik eers na aan die einde van die bemarkingsjaar begin toeneem, het invoerders vanjaar vroeg begin invoer. Die verwagting is dat invoer oor die volgende ses maande stelselmatig sal plaasvind."

Lemmer waarsku dat die gebruiklike prysdruk van oestyd ook voorlê. Saam met die verwagte invoer tot Augustus kan dit pryse op kort termyn onder druk plaas, veral as boere deur omstandighede gedwing word om laer pryse te aanvaar om hul verpligtinge na te kom, en nie in 'n posisie is om mielies terug te hou nie. – MARLEEN SMITH

Mnr. Wessel van Wyk (regs), 'n landboukundige wat in sojabone spesialiseer en kontraknavorsing vir die Proteïennavorsingstigting (PNS) doen, is as spreker van die jaar op die Ottosdal-konferensie aangewys. *Landbouweekblad* het vir die tweede jaar die trofee en prysgeld geborg. Marleen Smith van *Landbouweekblad* het die trofee oorhandig. FOTO: DIRK KOTZEE